HILLANDALE ROLBALKLUB

GRONDWET

(Nuut aangepas op 24 Janaurie 2023)

1 NAAM:

Die klub sal as Hillandale Rolbalklub bekend staan. (hierna verwys as die Rolbalklub)

2 DOELSTELLINGS:

Die **Rolbalklub** stel hom ten doel om …

- rolbal as ‘n spel te beskerm en te bevorder volgens die doelstellings van die **rolbalklub**;
- die rëels en regulasies van die spel streng te handhaaf en dat dit bindend op alle lede, besoekers, gaste en gebruikers sal wees.
- te affilieer met **Rolbal Suid-Afrika** deur middel van **Suid-Vrystaat Rolbalvereniging;** onderhewig aan die reëls en regulasies van hierdie vereniging; en
- die reëls en regulasies van die rolbalklub na te kom.

3. UITLEG:

In hierdie grondwet, tensy die teendeel blyk, sal die enkelvoud die meervoud insluit en die manlike die vroulike insluit en omgekeerd.

4. LIDMAATSKAP:

Omskrywing van Lidmaatskap:

Volle lid	-	Speel kompetisie vir die klub.
Deellid	-	Enige lid van dié rolbalklub, wie ook lid is van ‘n anderklub,

sal voor die aanvang van die seisoen aandui vir welke klub hy aan Suid-Vrystaat kompetisies sal deelneem. Hy mag aan klubkompetisies, uitgesluit enkelspel, deelneem.

Besoekers - Speel slegs sosiaal en geen kompetisies nie.

4.1 Aansoeke vir lidmaatskap, van persone binne en buite die Woodlandsgebied, moet deur ‘n lid van die **rolbalklub**, of ‘n lid wat vir ten minste een jaar ‘n lid was, voorgestel en gesekondeer word. So ‘n aansoek moet vir ten minste **sewe dae** op die kennisgewingbord verskyn vir lede om van kennis te neem of om beswaar aan te teken alvorens sy lidmaatskap goedgekeur kan word.

4.2 Aansoekers sal deur die sekretaris in kennis gestel word van die bestuur se besluit.

4.3 Waar ‘n aansoeker ‘n lid van ‘n ander klub was, sal hy/sy op BSA se databasis vrygestel word indien hy/sy ‘n skoon rekord het, en dan outomaties aanvaar word.

4.4 ‘n Speler sal geregtig wees om vir ope toernooie, geborgde dae en feeste in te skryf vir enige klub waarvan hy lid is.

5. UITVOERENDE BESTUUR:

5.1 Die bestuur en kontrole van die **rolbalklub** sal gesetel wees in ‘n bestuur, bestaande uit die volgende portefeuljes:

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Sekretaris
- Tesourier
- Kompetisie-sekretaris (mans)
- Kompetisie-sekretaris (dames)
- Drie (3) addisionele lede

Bogenoemde word tydens die jaarlikse AJV deur die lede verkies.

5.2 Die verkiesing van lede van die bestuur sal per nominasie-briewe geskied wat 48 uur voor die AJV sluit. Indien daar meer nominasies as die nege (9) vakatures is, sal daar per geslote stembrief gestem word. Die voorsitter sal twee (2) lede, wat nie genomineer is nie, uit die vergadering aanstel om die stembriewe te tel.

5.3 Die sekretaris sal alle vergaderings belê, bywoon, en alle korrespondensie beantwoord, asook rekord en bewyse daarvan hou. Hy sal volledige notules van die AJV, spesiale vergaderings en komiteevergaderings hou. Hy sal ‘n register byhou van alle lede waarvan ‘n duplikaat op die kennisgewingbord aangebring word.

5.4 Die tesourier sal boekhou van alle finansiële sake van die klub, waarin alle inkomste en uitgawe aangedui word. Hy sal ‘n finansiële staat tydens bestuurs-vergaderings voorlê. Geen onbegrote uitgawes mag sonder goedkeuring deur die bestuur aangegaan word nie.

5.5 Her-verkiesbaarstelling: Alle lede van die bestuur sal voor die AJV uit hulle poste tree. Hierdie lede mag hulleself weer verkiesbaar stel

6 REGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR:

Afgesien van die uitvoering van die doelstellings van die **rolbalklub**, soos uiteengesit in Klousule 2 van die grondwet, sal die bestuur die reg hê om …

6.1 die belange van die **rolbalklub** te administreer en te beheer en om lede- en skyfiegelde vas te stel in ooreenstemming met die **rolbalklub** se finansiële operasionele begroting, welke besluite bekragtig sal word by die AJV.

6.2 enige bydraes wat aan klublede gemaak word wat Suid-Vrystaat op die Nasionale Interdistrikte toernooi gaan verteenwoordig te **kan** vasstel in ooreenstemming met die **rolbalklub** se finansiële operasionele begroting, welke besluite bekragtig sal word by die AJV;" (Daar is geensins 'n verpligting op die komitee om jaarliks so 'n bydrae te maak nie - die klem moet wees op kan vasstel)

6.3 enige rolballid te koöpteer in enige vakature op die bestuur of sub-komitees;

6.4 enige pligte of magte te delegeer by wyse van saamgestelde sub-komitees vir ‘n spesifike doel;

6.5 huishoudelike reëls daar te stel wat nie strydig sal wees met die grondwet van die klub en die grondwet en regulasies van SVSRV nie. Enige voorgestelde rëel sal vir ten minste veertien (14) dae op die klub se kennisgewingbord aangebring word, waarna dit van krag sal word tensy geskrewe besware aangeteken word.

6.6 ‘n afgevaardigde bestuurslid te benoem om te dien in die raad van die Suid – Vrystaat Rolbalvereniging (SVSRV), of enige ander vereniging, en om die **rolbalklub** te verteenwoordig by die vergaderings waarna die **rolbalklub** uitgenooi mag word.

6.7 ‘n interim bestuur te benoem om die sake van die **rolbalklub** te bedryf indien die bestuur en/of die meerderheid van sy lede bedank, tot tyd en wyl ‘n AJV of spesiale AJV belê kan word.

6.8 te verseker dat die perke en toerusting behoorlik onderhou word.

7. DAGBESTUUR:

7.1 Die verkose dagbestuur bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier sal dringende en spoedeisende sake hanteer en besluite mag neem. Hierdie saak sal tydens die volgende vergadering op die agenda geplaas word en die voorsitter sal die ander lede op hoogte bring.

7.2 Die Voorsitter sal “ex-officio” lid wees van al die staande komitees, sonder die reg om te stem.

8. KEURKOMITEE:

8.1 Drie (3) mans en drie (3) dames word tydens die AJV verkies waarvan die kompetisie-sekretarisse die sameroepers sal wees as die vierde keurkomitee lid. Die voorsitter sal die "ex-officio" lid op beide die mans- en dameskomitees wees.

9. VERGADERINGS:

Die AJV van die **rolbalklub** sal elke jaar gehou word op 'n datum soos deur die bestuur bepaal is. Die volgende sake sal aandag geniet:

9.1 Die notule van die vorige AJV en/of enige Spesiale Algemene Vergaderings wat in die huidige jaar gehou was goed te keur en om met sake te handel wat daaruit mag voortvloei.
9.2 Die jaarverslag van die uittredende voorsitter te ontvang en om sake en aanbevelings wat uit hierdie verslag mag voortvloei te bespreek.
9.3 Die jaarlikse staat van Inkomste en Uitgawes van die afgelope boekjaar aan die lede voor te lê vir bespreking en goedkeuring.
9.4 'n Nuwe bestuur te kies vir die volgende termyn.
9.5 Te besluit te neem oor alle kompetisies vir die komende jaar.
9.6 Enige sake van algemene belang (insluitende die wysigings en bekragtiging van die grondwet en huishoudelike reëls) waarvan drie (3) weke voor die AJV aan alle lede kennis gegee was, te oorweeg.
9.7 Met korrespondensie te handel.
9.8 Te besluit oor honoraria.
9.9 Te besluit oor jaarlikse lede- en skyfiegelde.
9.10 Te handel met enige addisionele sake.

10. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS:

Spesiale algemene vergaderings mag belê word deur die voorsitter of op versoek van die komitee, deur behoorlike kennisgewing, met 'n saaklike uiteensetting van die doel en rede vir sodanige vergadering of op skriftelike versoek deur ten minste vyftien (15) lede van die **rolbalklub**, met 'n saaklike uiteensetting van die redes vir sodanige vergadering. Geen ander sake sal bespreek word anders as die wat op die kennisgewing, wat hierdie vergadering versoek, verskyn nie.

11. BESTUURS- EN KOMITEEVERGADERINGS:

Die bestuur en sub-komitee sal ten minste een keer per kwartaal vergader of meer dikwels indien nodig geag word.

12. WAARNEMERSTATUS VAN HILLANDALE TRUSTEES BY DIE ROLBALKLUB SE UITVOERENDE BESTUURSVERGADERINGS:

Die vergaderings van die UB moet tydig aan die Regspersoon gekommunikeer word sodat reëlings vir bywoning getref kan word. Dit sluit bywoning van vergadering deur ondersoekkomitees en ander komitees uit.

13. VOORSITTER SE AMP:

Die voorsitter sal by alle vergaderings voorgaan, maar in sy afwesigheid sal die ondervoorsitter ageer as voorsitter. In afwesigheid van albei sal ‘n lid, verkies deur die lede teenwoordig, waarneem.

14. KENNISGEWING VAN VERGADERINGS:

Die sekretaris of wie die bestuur ookal in sy plek mag benoem sal:

14.1 In die geval van die AJV of Spesiale AJV die kennisgewing een-en-twintig (21) dae voor die datum van sodanige vergadering ge-epos en/of op die kennisgewingbord plaas word.
14.2 In die geval van ‘n bestuurs of sub-komiteevergadering moet die lede ten minste sewe (7) dae voor die datum van sodanige vergadering kennis ontvang.
14.3 In die geval waar daar geen kworum aanwesig is nie moet daar vir ten minste sewe (7) dae kennis van die nuwe vergadering gegee word.
14.4 In die geval van ‘n noodvergadering van die dagbestuur sal die lede daarvan telefonies deur die voorsitter of persoon deur hom daartoe gemagtig, van die tyd en plek van so ‘n vergadering verwittig word.

15. GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR, DISSIPLINêRE GEDRAGS-KODE VIR LEDE, EN APPÉL PROSEDURE:

15.1 Die Dissiplinêre gedragskode vir lede word hierby aangeheg as Bylaag A en word beskou as deel van die Grondwet van die klub.
15.2 Die Gedragskode vir lede van die UB word hierby aangeheg as Bylaag B en word beskou as deel van die Grondwet van die klub.
15.3 Enige lid wat besware van enige aard het, moet skriftelik by die voorsitter beswaar aanteken.
15.4 Die UB sal dan met die klagte handel soos uiteengesit in Bylaag A of B hiertoe, welke ookal van toepassing mag wees.

16. KWORUM:

Die volgende kworum vir vergaderings sal van toepassing wees:

16.1 Komiteevergaderings – vyf (5).
16.2 AJV of Spesiale Algemene Vergaderings – 30% van die ledetal.
16.3 Die grondwet mag alleenlik verander word op ‘n AJV of Spesiale AJV met ‘n twee derde meerderheid van die lede wat teenwoordig is.

17. UITGAWES -LIMIET:

Indien daar **kapitale uitgawes** deur die rolbalbestuur aangegaan word wat die bedrag van **R30 000.00** (Dertigduisend rand) oorskry, moet die lede van die klub op ‘n AJV of Spesiale AV volledig ingelig word waarvoor die uitgawes aangewend sal word en moet so ‘n besluit deur die meerderheid van stemgeregtigde lede, teenwoordig op die vergadering, goedgekeur word.

18. ERELIDMAATSKAP:

Erelede is persone wat by die AJV daartoe verkies is, uit erkenning vir werklik uitsonderlike diens aan die klub asook lojaliteit aan die klub en wat poog om die klub se beste belange voor op te stel. Lewenslange erelede sal ampshalwe vergaderings mag bywoon. Erelede is vrygestel van ledegeld.

Hierdie grondwet is gedurende die AJV van 24 Januarie 2023 hersien en deur die meerderheid lede goedgekeur.

Voorsitter:…….

Sekretaris:……

****